

*Vir die Hoërskool*

## **DIE BELANGRIKHEID EN KENMERKE VAN DIE TYDPERK 1806-1854 IN DIE SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS**

Prof. F. A. van Jaarsveld  
*Universiteit van Pretoria*

Bogenoemde tydperk word in die St. VIII-leergang vereis. Onderstaande is 'n algemene vertolking van die tydperk wat as agtergrond vir geskiedenisonderwysers en leerlinge kan dien.

*Waarom is die tydperk 1806-1854 belangrik?*

Die tydperk van 1806 tot 1854 is een van die belangrikste in die geskiedenis van ons vaderland. Dit is belangrik omdat ons die faktore en kragte wat toe werksaam was, tot vandag toe voel.

Die redes vir die belangrikheid van dié tydperk is die volgende:

(a) *Dualisme in die Blanke samelewing*

In die jare tussen 1806 en 1854 is die grondslag gelê van die dualisme of tweeledigheid van die Suid-Afrikaanse Blanke samelewing soos dit vandag nog bestaan, tans bekend as Afrikaans- en Engelstalige Suid-Afrikaners.

Die koms van die Britte het belangrike gevolge gehad. Toe Brittanje die Kaap in 1806 verower het, het hulle Afrikaners hier aangetref, wat toe reeds tot 'n "inheemse" volk geword het. Hulle het 'n eie taal en kultuur, gebruike, gewoontes en 'n eie lewens- en wêreldbeskouing gehad, nl. die Calvinisme. Hulle was meestal boere en plattelanders, mense met 'n grens-tradisie.

Veral ná 1820 het duisende Britte soos in 'n "groot trek" met die skip na die Kaapkolonie en later Natal gekom. Hulle was meestal uit 'n industrieel-stedelike samelewing. Hoewel sommiges boere geword en gebly het, het die meeste hulle in die dorpe en stede gevestig en hulle op die handel, industrie, geld- en bankwese toegelê. Hulle het meestal die Anglikaanse vorm van Protestantisme aangehang. In lewens- en wêreldbeskouing was hulle volgelingen van die liberalisme van die Engelse filosoof, John Locke.

Terwyl die Afrikaners vir goed afgesny was van Nederland, het die Britse Setlaars hoë waarde geheg aan die bande met hul moederland, Brittanje, na wie hulle om beskerming opgesien het, en deur wie hulle kultureel en ekonomies versterk is.

Die Britse owerheid het, soos in Kanada teenoor die Franse, in Suid-Afrika, 'n beleid gevolg om die Afrikaners te denasionaliseer, en te angliseer deur middel van taal, skool en kerk, die reg en administrasie. Soos die Franse Kanadese wou die Afrikaners hulle identiteit handhaaf en het derhalwe in verset gekom.

Die Britse owerheid en sendelinge het ook filantropiese en liberale idees na Suid-Afrika gebring en daardeur 'n rewolusie teweeggebring in

die verhouding van die Afrikaners tot die Hottentotte, slawe en Bantoes, nl. vrystelling, gelykstelling en verdrae. Ook daarteen het die Afrikaners, veral die grensboere, in verzet gekom.

Die reaksie op die Britse beleid was 'n opstand onder die Afrikanergrensboere wat die vorm aangeneem het van die Groot Trek. Dit het 'n volksverhuising uit die Britse kolonie beteken, ook 'n skeiding tussen die koloniale Afrikaners wat Britse onderdane gebly het, en die republikeinse Afrikaners wat onafhanklik buite Britse grense geword het. Ook het die Groot Trek skeiding gebring tussen "Boer en Brit".

Teenoor die onafhanklike Republikeinse Noorde het die afhanklike koloniale Suide gestaan. As sulks was die Groot Trek die eerste anti-kolonialisme in Afrika, en 'n onafhanklikheids- en republikeinse beweging.

(b) *Ons provinsiale indeling dateer uit dié tyd*

In die tydperk 1806-1854 is die grondslag gelê van die huidige provinsiale indeling van die R.S.A.

Die rede hiervoor is die Groot Trek. Dié verhuising het die grensboer-Afrikaners binne tien jaar ná 1838 tot aan die Limpopo laat uitbrei. As gevolg van die geringe getalle van die Voortrekkers kon hulle nie verder as die Limpopo vorder nie. Die Kalahariwoestyn en Bantoestamme in die weste en die tsetsevlieg en malaria in die noorde en ooste het hulle uitbreiding beperk.

Hulle het drie republieke aangelê — Natal, Transvaal en die Vrystaat. In 1843 het Brittanje Natal geannekseer, maar in 1852 en 1854 het hy die onafhanklikheid van Transvaal en Vrystaat erken.

Omdat die Voortrekkers uit die Oostelike Provinsie getrek het, het Engelstaliges hulle daar opgevolg; Engelstalige immigrante het ook in Natal ingetrek, wat ná die anneksasie deur die Voortrekkers verlaat is. Om dié rede het die Oostelike Provinsie en Natal hulle oorwegend Engelse karakter tot vandag toe behou.

Teen 1854 was daar twee Britse kolonies, Kaapland en Natal, en twee Boererepublieke, Transvaal en die Vrystaat. In 1899-1902 het Brittanje die twee Boererepublieke verower. Toe was daar vier Britse kolonies in Suid-Afrika. In 1910 het hulle in die vier provinsies van die Unie verander. Hulle bestaan tot vandag toe nog as provinsies van die R.S.A.

(c) *Ons huidige bestuursvorme dateer uit dié tyd*

In die tydperk 1806-1854 is ook die grondslag gelê van die huidige bestuursvorm van Suid-Afrika.

Ons woon vandag in 'n republiek en het dus 'n *republikeinse* regeeringsvorm. Hierdie regeeringsvorm is 'n erfenis van die Voortrekkers en hulle Vrystaatse en Transvaalse republieke. Hoewel die bestuursvorm 'n republiek is, is die staatsmasjienerie 'n erfenis van die Britse parlementêre bestuurstelsel wat in 1854 met verteenwoordigende bestuur in die Kaapkolonie en later in Natal ingevoer is.

(d) *Die grondslag is gelê van Bantoetuislande*

In die tydperk 1806-1854 is ook die grondslag gelê van die huidige verspreiding van die Bantoes in die *Bantoe-tuislande* van Suid-Afrika, sommige waarvan tans vinnig op pad is na selfbestuur en onafhanklikheid. Ons dink aan die Transkei, Zoeloeland, Pediland, Vendaland en Tswana-land. In dié tyd het ook Lesotho en Swaziland ontstaan.

Hoe is hierdie grondslag gelê? Teen 1815 was die Bantoevolke versprei oor 'n gebied vanaf ongeveer noord van die Visrivier en die Oranjerivier tot die Limpopo met die Kalahari as wesgrens. Hulle het rustig gewoon. Maar toe begin die *Difaqane* in 1815 en duur tot ongeveer 1830. In dié 15 jaar het 'n soort rewolusie onder die Bantoes plaasgevind. Dit is teweeg gebring deur die skepping van die Zoeloeryk onder Tsjaka, wat met sy militêre masjien die volke rondom hom uit hulle woonplek verdryf het. Die een volk wat vlug, het die ander voor hom vërjaag.

Die *Difaqane* was 'n tyd van verwoestende uitdelgingsoorloë onder die Bantoe self. Waarskynlik het honderd duisende omgekom. Volgens Theal sowat twee miljoen.

Wat Tsjaka in Natal gedoen het, het Mzilikazi, of Silkaats, ná die *Difaqane* in Transvaal en die Vrystaat tussen 1830 en 1836 gedoen. Hy het die Bantoevolke uitgedryf en mense om die lewe bring.


Die kleiner volke het na die weste die Kalahariwoestyn ingevlug in die gebied van die Hartsrivier en die Malopo. In die noorde het hulle skuiling in grotte en berge gevind asook in die ooste en suide. Mosjesj het byvoorbeeld Sotho-stamme op die bergvesting Thaba Bosigo om hom verenig en beskerm, en daaruit het Basoetoland of Lesotho ontstaan.

Die Bantoevolke het in die vorm van 'n *perdehoefyster* of groot halfmaan om die huidige Vrystaat, Transvaal en Natal en verder-af tot aan die Visrivier gewoon. Aan die binnekant van die hoefyster was feitlik 'n verwoeste, leë ruimte, waarin Mzilikazi se Matebeles en Tsjaka se Zoeloes gewoon het.

Teen 1836 het die volksverskuiwing van Afrikaner-grensboere wat as die *Groot Trek* bekend staan, oor die koloniale grens in dié nagenoeg ontvolkte ruimte plaasgevind. Hulle is deur die Matebeles en die Zoeloes aangeval. Die Matebeles is deur die Voortrekkerpioniere verslaan. Hulle het in 'n eie "groot trek" sak en pak na die huidige Rhodesië gevlug en Transvaal heeltemal verlaat.

Daarop is Transvaal tot Boeregebied geproklameer. Ook is 'n groot deel van die huidige Vrystaat in 1838 van die Bantoes geruil. Natal is deur traktaat verkry, maar die moord op Retief het tot die nederlaag van Dingaan by Bloedrivier gelei, en Natal as Boereland het toe ook gedeeltelik op verowering berus.

Na die oorwinnings oor die Matebeles en Zoeloes het van die gevlugte Bantoevolke die Voortrekkers as bevryders en beskermers verwelkom en vrywilliglik onder hulle gesag gegaan. Die plek van die Zoeloes en Matebeles is deur die Afrikaners gevul. Hulle het oral doodsbendere en verwoeste, leë Bantoe-krale uit die *Difaqane*-tyd aangetref.



### Bevolkingsverskuiwings van die Difaqane en die Groot Trek



*Gebied in die vorm van 'n groot halfmaan waarin die Bantoes hulle na die Difaqane bevind het.*



*Leë en verwoeste ruimtes wat deur die Difaqane agtergelaat is en waarin die Voortrekkers getrek het.*



*Die Groot Trek en latere Blanke uitbreiding.*

*Die Protektorate en huidige Bantoetuislande het in die Difaqane-tyd ontstaan en het die patroon van 'n groot hoefyster rondom die O.V.S., Transvaal en Natal.*

Terwyl die meeste Bantoestamme nog steeds in 'n groot hoefystervorm rondom die Vrystaat, Transvaal en Natal tot aan die Visrivier gewoon het, het die Boere nou in *binnekant* van die hoefyster of Groot Halfmaan hulle republieke ingerig en die grond beset.

Duisende gevlugte Bantoes het teruggekeer na hulle oorspronklike tuistes, maar Boere daar aangetref. Sommige stamme is toegelaat om binne Natal, die Vrystaat en Transvaal te woon. Van hulle het arbeiders op boereplase geword.

Die Bantoes woon tot vandag toe nog in die groot hoefystergebied rondom en aan die kante van die Vrystaat, Transvaal en Natal. Dié Difaqane en die Groot Trek was daarvoor verantwoordelik. Die geskiedenis self het Suid-Afrika in sy Blanke gebiede en Bantoetuislande verdeel. Dit is hierdie Bantoetuislande wat tans op pad is na selfbestuur en onafhanklikheid. Bantoetuislande soos Botswana, Lesotho en Swaziland — voormalige Britse protektorate — het in 1966 en 1968 reeds volkome onafhanklik geword.

(e) *Die grondslag gelê van huidige politieke verskille*

In die tydperk 1806-1854 is die grondslag gelê van 'n politieke stryd wat vandag nog bestaan. Dit gaan oor die vraag of die stemreg aan die Nie-blankes in "Blanke gebied" verleen moet word, en of 'n "veelrassige" samelewing met gelyke sosiale, politieke en ekonomiese regte in Suid-Afrika tot stand gebring moet word.

In die Britse Kaapkolonie is die stemreg aan Kleurlinge en Bantoes saam met Blankes in 1853 toegeken. Hulle kon stem vir 'n gemeenskaplike parlement. In die twee Borerepublieke is grondwetlik bepaal dat die stemreg nie aan Nie-Blankes toegeken sal word nie. Oor die vraag van die stemreg vir die Nie-blankes het 'n groot politieke stryd met die totstandkoming van die Unie gewoed.

Die stryd is daarna voortgesit en bestaan vandag nog. Intussen het ons samelewing verander. Die Britte het met hulle ontginning van diamante en goud groot stede in ons land gebou en dié het uitgebrei deur die industrialisasie van die 20e eeu. Afrikaners en Bantoes van die platteland het na die stede gestroom. Dit het nuwe bevolkingsverskuiwings teweeg gebring. Om die Blankes se stede woon daar vandag meer Bantoes as Blankes in die stede.

'n Minderheidsgroep Blankes eis vandag die stemreg vir die Nie-blankes saam met die Blankes. Hulle sê dat 'n "common society" en 'n "common humanity" moet bestaan en volkome gelykmaking op sosiale, politieke en ekonomiese gebied moet plaasvind.

Die meerderheid Blankes eis op grond van historiese ervaring dat die stemreg wel aan die Nie-blankes toegeken word, maar in hulle tuislande, waarin hulle alle voorregte sal hê wat die Blankes in hulle eie gebiede geniet. Dié groep Blankes sien die Suid-Afrikaanse samelewing nie as 'n "veelrassige" samelewing nie, maar as 'n "veelvolkige". Daarmee erken hulle die historiese verspreiding van Blank en Bantoe wat teruggevoer kan word tot die tyd van die *Difaqane* en die *Groot Trek*.

(f) *Die grondslag gelê van ekonomiese integrasie*

Die tydperk 1806-1854 is ook van belang omdat dáárin die grondslag gelê is van wat vandag as ekonomiese integrasie van Blank en Bantoe bekendstaan.

In die Kaapkolonie, Natal, Transvaal en Vrystaat is in dié tyd begin om van die arbeid van Bantoe op boereplase en vir ander doeleindes gebruik te maak. Die Voortrekkerboere in die noorde het ná hulle vestiging baie moeite gedoen om Bantoe-arbeiders te bekom. In die Kaapkolonie het hulle gewoon geword geraak aan Nie-blanke arbeid. Hulle sou die gewoonte in die Boere-republieke voortsit.

Terwyl die Voortrekkerboere onbewus ekonomiese integrasie toegepas het, het hulle bewustelik 'n beleid van politieke segregasie gevolg. In daardie jare het daar nog nie spanning tussen hierdie teenstrydige beginsels in die Noorde bestaan nie.

Met die verstedeliking van ons land, die vrywording van Afrika, die druk van buite en op ons huidige grense het sake egter verander. Ons beoefen vandag nog steeds ekonomiese integrasie en politieke segregasie. Hierdie twee beginsels is vandag in stryd met mekaar. Rondom hulle wentel die grootste probleem in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

*Kenmerke van die tydperk 1806-1854*

Wanneer ons 'n studie van 'n tydperk uit ons geskiedenis maak, moet ons ook sy vernaamste kenmerke leer ken.

(a) *Die invloed van internasionale gebeurtenisse*

Die tydperk 1806-1854 word gekenmerk deur die invloed van internasionale gebeurtenisse op ons geskiedenis.

As gevolg van die oorloë van die Franse Rewolusie en Napoleon het die Kaap van besitter verwissel. In die plek van Nederland het Brittanje gestap wat die Afrikaners onder vreemde bestuur geplaas het.

As gevolg van die internasionale toestand rondom 1850-1854 het Brittanje sy koloniale beleid gewysig. Hy wou sy uitgawes in Suid-Afrika besnoei. Daarom het hy hom uit die binneland teruggetrek en die onafhanklikheid van die Voortrekkerstate, die Vrystaat en Transvaal, erken. Dit het die Afrikaners kans gegee om selfstandig te word en die republikeinse gedagte te laat wortel skiet.

(b) *Die filantropiese gedagterigting*

Tweedens word die tydperk 1806-1854 gekenmerk deur die koms na Suid-Afrika van die Britse filantropie soos deur die Britse regering en die sendelinge hier beoefen.

Dit het gelei tot 'n stryd oor die plek van die Nie-blanke in die Suid-Afrikaanse samelewing. Ook het dit gelei tot die versteuring van die verhoudinge tussen mense, om bv. aan die "Swarte Ommegang" en die Groot Trek te dink.

Dit was ook die begin van die tradisie om die Blankes as die “onderdrukkers” van die Nie-blankes aan die buitewêreld voor te stel, getuig byvoorbeeld die werk van John Barrow en dr. John Philip.

(c) *Groot volksverhuisings en bevolkingsverskuiwings*

Die tydperk 1806-1854 word ook gekenmerk deur onrus, beweeglikheid en groot volksverhuisings.

In die tyd van die *Difaqane* het Bantoe-stamme op trek gegaan en verhuis van een deel van Suid-Afrika na ’n ander deel. Die Matebeles het Transvaal byvoorbeeld volkome verlaat. Met die Groot Trek het ’n deel van die Afrikaners op trek gegaan en noordwaarts verskuiwe waar Boere-republieke gestig is. Die Voortrekkers het Natal verlaat en verder noord getrek. Hulle plek is deur Britte uit die Kaapkolonie en van oorsee ingeneem.

(d) *Uitbreidings in en verdeling van Suid-Afrika*

Die tydperk 1806-1854 word ook gekenmerk deur groot uitbreidings in en die verdeling van Suid-Afrika.

Tsjaka het ’n Zoeloeryk in Natal gestig en groot dele van die huidige Transvaal en Vrystaat beheer.

Mzilikazi het ’n ryk in Transvaal gestig en sy gesag uitgebrei oor Bantoesamme in die gebied tussen die Limpopo- en Oranjerivier. Na sy nederlaag teen die Voortrekkers het die Matebeles na die huidige Rhodesië getrek.

Die trek van die Voortrekkers na die noorde het die Blankes se gesag uitgebrei oor Natal, Vrystaat en Transvaal tot aan die Limpopovier.

Ook het die Britse regering sy gesag tussen 1836 en 1854 uitgebrei oor Natal, die Transoranje en Bantoegebiede in die huidige Ciskei.

(e) *’n Tydperk van botsings en oorloë*

Nog ’n kenmerk van die tydperk 1806-1854 is die botsings en oorloë wat plaasgevind het.

In die *Difaqane*-tyd het die Bantoes van die binneland onderling oorloë teen mekaar gevoer. Ons dink byvoorbeeld ook aan die uitdelingsoorloë van Tsjaka en Mzilikazi.

Aan die Oosgrens van die Kaapkolonie het tussen 1812 en 1851 vyf grensoorloë tussen Blankes en Xhosas gewoed.

Ook tussen die Voortrekkers en die Matebeles en Zoeloes het oorloë gewoed, en die slae van Vegkop, Mosega, Kapain, Bloedrivier en die Mankonkokoppe het in hierdie tyd plaasgevind.

Oorloë het ook tussen die Blankes onderling ontstaan — die slag van Congella, Swartkoppies en Boomplaats.

(f) *Storm en drang*

Die tydperk 1806-1854 is gekenmerk deur die storm en drang van die Difaqane en die Groot Trek, deur moord, doodslag, smart, lyding en verarming van mense.

In die Difaqane is die Bantoe deur hulle onderlinge oorloë verarm. Deur die Groot Trek is baie Voortrekkers verarm. Die tyd tussen 1806-1854 was 'n tyd van stryd, rusteloosheid, beweging, volksverhuisings, trek en vlug, botsings en oorloë.

So beroemd het die woord "trek" in die jare 1806-1854 geword dat dit vandag nog internasionaal bekend is.

Tydens die Groot Trek was daar vóórtrekkers (wat eerste die noorde ingetrek het), maar ook nátrekkers (wat later ingekom het) en terugtrekkers (wat Natal verlaat en na die Kolonie teruggekeer het). Dan was daar onder die Voortrekkers ook intrekkers, wegtrekkers, deurtrekkers, rondtrekkers, seisoentrekkers en dwarstrekkers.

(g) *Staatkundige verdeling*

'n Ander kenmerk van die tydperk 1806-1854 is die staatkundige verdeling van suidelike Afrika.

As gevolg van die *Difaqane* het die Bantoes *herversprei*. Die gebiede wat vandag as die Bantoe-tuislande bekend staan, het toë hulle beslag gekry. As gevolg van die Groot Trek het Natal, Transvaal en die Vrystaat tot stand gekom. Laasgenoemde is by traktaat as Boerebesit erken. Lesotho, Swaziland, Zoeloland en ander gebiede is ook in dié tyd as Bantoegebiede erken. Ten noorde van die Limpopo het die Matebeles 'n nuwe tuisse gevind.

(h) *Verdeelde lojaliteite*

'n Verdere kenmerk van die jare 1806-1854 was verdeelde lojaliteite.

Terwyl 'n deel van die Afrikaners in die Kaapkolonie as Britse onderdane wat lojaal teenoor die Britse regering was, agtergebly het, het hulle simpatie betoon met die onafhanklike republikeinse Afrikaners van Transvaal en die Vrystaat.

Onder die kleiner Bantoevolke was daar lojaliteit teenor die *eie* stam en kaptein, maar die oppergesag van die Zoeloes en Matebeles is erken, en later ook die oppergesag van die Britse regering of die Voortrekkers.

(i) *Spanning tussen Suid-Afrika en 'n veraf oorsese regering*

Ten slotte word die tyd 1806-1854 gekenmerk deur die spanning wat ontstaan het tussen plaaslike belange van die Blankes in Suid-Afrika, en die beleid wat 'n Britse regering wat 6000 myl ver weg was. Dit geld veral die beleid teen die Nie-blankes. Ons dink byvoorbeeld aan die wyse van slawevrystelling, Ordonnansie 50, die verset van die Oosgrens-Engelse en Oosgrens-Afrikaners teen die filantropie en negrofilisme van die Britse regering. As reaksie op dié veraf-beleid het die Groot Trek plaasgevind.